Waterveiligheid (b)

Graad 2

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie

1. waterveilig te maak.
2. te help om vrese vir water te oorbrug.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Die volgende oefening met sekerheid en selfvertroue uitvoer :
   - borrels blaas in die water terwyl hy in die swembad staan
   - 'n voorwerp onder die water uithaal sonder om syneus toe te druk
   - watertrap vir 3 minute.
   - Vir 2 minute kan dryf.
   - in die swembad inspring sonder om sy neus toe te druk
   - sy oë onder die water kan oop hou.
2. Kruipslag vir 5m swem
3. Twee waterspeletjies van 30 minute elk speel

C AANBIEDING

1. Die offisier moet die spesialisasie in 'n swembad aanbied en nie in 'n dam nie.
2. Die offisier moet toesien dat die kind al punt 1 se vaardighede met selfvertroue kan uitvoer.
3. Die kind moet die korrekte manier van kruipslag met korrekte asemhaling aanleer.
4. Enige waterspeletjies kan gespeel word.